

11 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20
Fokusgedeelte: Matteus 28:20

Vir die taak, versekering

Jesus praat hier vir die laaste keer met die dissipels. Hy gee aan hulle die opdrag om as apostels die evangelie aan alle volke, nasies en tale te gaan verkondig. Dit is 'n groot en moeilike opdrag. Daarom gee Jesus aan sy dissipels 'n wonderlike versekering.

In vers 18 sê Jesus: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde." Dit is die eerste wat hulle altyd moet onthou. Jesus besit alle mag. Hy het die mag om hulle te beskerm, te versorg en altyd by te staan. Sy mag is sterker as die dood, want Hy het die dood oorwin. Sy mag is sterker as die natuur, want hy het die wind stilgemaak op die See van Galilea. Deur sy Gees kan hy mense se harte verander sodat hulle die evangelie met blydschap aanneem. Vir Hom is alle dinge moontlik.

Verder sê Jesus in vers 20: "Ek is by julle tot aan voleinding van die wêreld." Ek is by julle. Nooit sal julle alleen wees nie. Ekself, julle Goddelike, opgestane Here, wat lewe en ewige Here en God is, is met julle. Nooit mag hulle hieraan twyfel nie. Nooit moet hulle hul deur enige teëkanting teen die evangelie laat afsit nie. Deur Christus se almagtige teenwoordigheid deur sy Gees in hulle en by hulle sal hulle altyd meer as oorwinnaars wees.

Watter blye versekering. Vandag is dit ook die versekering aan jou. Gaan en getuig van Jesus Christus. Hou aan, tydig en ontydig. Moenie jou laat afsit deur teëkanting van die wêreld nie. Jy is nie alleen nie. Hy wat jou stuur, is met jou en by jou. Vir Hom is niks te groot, te moeilik en onontkombaar nie. Hy sal by jou wees in voorspoed en teëspoed. Want kyk, Hy is by jou al die dae tot aan die einde van die wêreld.

Sing: Psalm 119:39

Ds. Peet J van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)